

Saterdag 1 April

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:13-21

Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:16

Kan ons sê iemand het sonde teen die Heilige Gees gepleeg?

Die gebed van 'n gelowige het groot krag – so staan dit in Jakobus 5:16. Daardie teks gaan onder andere oor gelowiges wat hulle sondes teenoor mekaar bely, saam bid en só gesond word.

Hier in 1 Johannes 5:16 vind ons dieselfde gedagte – gelowiges wat vir mekaar bid oor hulle sondes, en wat God genesing gee. Insiggewend is dat hier nie eers gepraat word oor belydenis van sonde nie. Wanneer 'n gelowige sy/haar medegelowige sien sondig, dan behoort Christelike liefde daardie gelowige te dring om al klaar vir die een wat sondig, te bid.

Tog gee Johannes 'n uitsondering waar nie gebid hoef te word nie. Hierdie uitsondering geld daar waar iemand sonde gedoen het wat tot die dood lei.

Meeste Skrifverklaarders is dit eens dat hier na sonde teen die Heilige Gees verwys word. Dieselfde Skrifverklaarders wys egter daarop dat daar al reeds by die vroeë apostoliese kerkvaders onsekerheid was oor wat Johannes hier presies bedoel het. Immers, hoe weet ons wanneer iemand sonde teen die Heilige Gees pleeg? Iemand wat lank in sonde volhard, maar uiteindelik tot bekering kom, pleeg mos nie sonde teen die Heilige Gees nie. Ons kan dus nie klinkklaar sê iemand doen sonde teen die Heilige Gees nie.

Daarom, laat jou Christelike liefde jou dring om daar waa jy sonde sien, vir inkeer te bid. Wie weet hoe God jou gebed gaan verhoor? Onthou, die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige werking!

Sing: Skrifberyming 5-1:1, 2

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)